26 Desember **Skrifgedeelte: Titus 2:1-15**
Fokusgedeelte: Titus 2:12-13

Die verskyning van God se heerlikheid

Hier, op tweede Kersdag, leer God jou dat die wêreld uiteindelik afstuur op ‘n tweede Kersfees – ‘n tweede verskyning van Jesus Christus. Hierdie keer is sy verskyning nie in genade nie (2:11), maar ‘n verskyning in heerlikheid (2:13); Goddelike heerlikheid. Hierdie heerlikheid is wonderbaarlik maar terselfdertyd ook vreeslik. Wanneer Johannes dit sien, val hy soos ‘n dooie op die grond (Op 1:17).

Tog praat Paulus in ons Skrifgedeelte van Christus se “verskyning in heerlikheid” as ‘n “gelukkige dag” waarna ek en jy kan “uitsien” (2:13). Ons kan daarna uitsien as ons toelaat dat God ons daarvoor gereed maak (“opvoed” – 2:12). Die verskyning van God se genade in Christus (2:11) “voed ons op” vir die verskyning van God se heerlikheid (2:12).

Hierdie opvoeding, sê vers 12, behels dat jy alle goddelose gedrag en die begeerte na “wêreldse goed” laat vaar. In die plek daarvan moet jou lewe vol wees van die vrugte wat voortkom uit ‘n persoonlike en intieme verhouding met God (2:12).

Drie vrae uit ons Skrifgedeelte kan jou help om te bepaal hoe ver jy al op hierdie pad gevorder het. Eerstens: “Verbind mense jou lewe positief aan die Bybel?” (Vgl 2:5.) Tweedens: “Maak jou lewe ongelowiges skaam?” (Vgl 2:8.) Derdens: “Werk jy só dat mense ‘n hoë agting van die Christendom het?” (Vgl 2:10.)

Christus se offer wil jou van sondes reinig, maar wil jou ook “ywerig” die goeie laat doen (2:14). Werk biddend saam met God om hierdie doel in jou lewe te bereik. Só word al iets van Christus se heerlikheid (wat aan die kom is!) in jou lewe sigbaar.

Sing: Skrifberyming 22:1,5,10,11 Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)